Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-08-18

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN AUGUSTUS 2020

WELKOM TERUG – MNR GERICKE

Baie welkom terug aan al ons ouers, kinders en personeel. Dankie dat u by die voorgeskrewe datums gehou het. Dit gee tog aan ons kinders 'n voorsprong omdat ons nog volskool ook het.

Mag hierdie kwartaal weereens bydra tot 'n positiewe groei in elkeen van u se lewens. Ons is steeds baie trots op ons skool, omdat ons ook in hierdie moeilike tye 'n voorloper bly.

God seën ons ryklik en daarvoor is ons baie dankbaar. Baie dankie aan elke ouer wat skoolgeld betaal in hierdie moeilike tye. Wees verseker ons waardeer dit geweldig baie. Bly gesond, bly veilig, u en u kind is kosbaar vir ons.

HERREGISTRASIE VAN LEERLINGE Gr 1 tot Gr 6 VIR 2020 – MNR GERICKE

NB!!!!! Alle ouers moet asb die vorm voltooi om plek te verseker vir 2021

Die departement vereis dat alle huidige Gr. 1 – 6 leerlinge herregistreer vir 2021. Ons het besluit om hierdie jaar nie gebruik te maak van aansoekvorms nie, maar eerder gebruik te maak van 'n eenvoudige skeurstrokie vir u gerief.

Dit is uiters belangrik dat alle skeurstrokies *voor of op 28 Augustus 2020* ingehandig word om u kind/kinders se plek te verseker vir 2021.

BELANGRIKE KENNISGEWING – MNR DENNER

Daar is te veel leerlinge wat laat by die skool opdaag. Baie van die leerlinge het geen geldige rede vir die laatkom nie.

Die skool ***begin*** vir die leerlinge om ***07:30*** in die oggend. Vir die veiligheid van die leerlinge en personeel word die hekke om 07:30 gesluit.

Ons versoek ook dat ouers/voogde die leerlinge in die middae betyds kom afhaal. Die skool sluit vir die leerlinge om 13:30 en die skoolhekke word om 13:45 gesluit.
Wees asb. betyds in die oggend en middag. Daar is steeds te veel leerlinge wat naskool by die hekke wag. Die Departement stel gereeld ondersoek in by skole en u as ouer gaan verantwoordelik gehou word.

AKADEMIE – MNR DENNER

1. Rapporte
   Al die leerlinge vanaf Gr 1 – Gr 7 gaan in kwartaal drie 'n rapport ontvang. Voorlopig sal daar geen oueraand plaasvind nie.

2. Assessering
   Formele assessering gaan in kwartaal drie plaasvind in al die vakke. Daar word 'n formele toetsreeks vanaf 14 September tot 22 September geskryf in al die vakke, behalwe Lewensoriëntering (Gr 7), Lewensvaardigheid (Gr 4 – 6) en Kuns en kultuur (Gr 4 – 7). Leerlinge wat onderrig tuis ontvang sal die toetse in die middae kom aflê. Daar vind ook formele opdragte/projekte gedurende die kwartaal plaas. Alle leerlinge moet die opdragte/projekte voltooi, omdat dit deel vorm van die kwartaal se assessering.

   Leerlinge wat tans onderrig tuis ontvang moet die formele assessering by die skool kom voltooi of inhandig.

3. E-Learning

infonerd

Jou toekoms
begin hier

Maklik-toeganklike gehalte-leermateriaal vir Graad 4-6.

Leer enige plek, enige tyd!

Gratis beskikbaar vir alle Graad 4-6 Superelsies.

Kontak zaccky@infonerd.co.za vir enige navrae.

SKOOLGELDE VIR 2020 - MNR GERICKE

ABBA OUERS: BAIE BELANGRIK IN HIERDIE MOEILIKE TYE

Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer!

Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.

ITEM		BEDRAG PER MAAND	BETALINGSTYDPERK	BEDRAG VIR 2020
1	Skoolgeld vir enkelkind	R1 372	12 Maande	R16 464
2	Skoolgeld vir tweede kind	R1 372 (R2 744)	12 Maande	R16 464
3	Skoolgeld vir derde kind	R550 (R3 294)	12 Maande	R6 600
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Augustus se skoolgelde was reeds betaalbaar.				
4	Naskoolgeld vir 'n enkelkind	R1 067	11 Maande	R11 737
5	Naskoolgeld vir tweede kind	R1 067 (R2 134)	11 Maande	R11 737
6	Naskoolgeld vir derde kind	R1 067 (R3 201)	11 Maande	R11 737
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Augustus se gelde was reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. *NB! NASKOOL GELDE IS VERLAAG VANAF 1 AUGUSTUS NA R800 PER LEERLING. ONTHOU ASB OM 'n KOSPAKKIE VIR HULLE IN TE PAK.*				
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	R1 485	12 Maande	R17 820
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Augustus se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting word toegestaan indien u, u jaar se gelde vooruitbetaal nie.				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark CMM Attorneys (Prokureurs) gebruik om al die oorhandigings te hanteer.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Faks asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na (011) 916-1963. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

PRYSUITDELING EN TOEKENNINGS - MNR GERICKE

Die moontlikheid dat ons aan die einde van die jaar 'n normale prysuitdeling soos in die verlede gaan hou lyk op hierdie stadium baie skraal.

Die skoolbestuur het egter besluit om leerlinge te beloon vir Sport en ander aktiwiteite wat afgehandel is voor Covid-19. Leerlinge wat steeds deelneem aan kunswedstryde en ander aktiwiteite se punte sal oorgedra word na 2021. U moet net sorg dat u kind se deelname en prestasie aan elke onderwyser gegee word.

Baie geluk en dankie dat u kinders nogsteeds Laerskool Elspark verteenwoordig en ook ons naam hoog hou. Wees verseker dat ons glad nie enigiets wat u kind kan doen wil wegneem van hom/haar nie.

MASKERS EN KOMBERSE - ME NOVELLI

Die huidige leiers dryf tans hierdie projek en die items is baie populêr onder die kinders. Hierdie projek is deel van die leiers se fondsinsamelings inisiatief wat jaarliks deur die leiers aangepak word. Die geld wat ingesamel word, gaan gebruik word om die hoofingang van die skool te verbeter.

Die koste van die maskers beloop R30 en die kombersie R130.

As u kind dan belangstel plaas die bestelling by Juffrou Celeste Komen / Juffrou Marli Novellie of by een van die hoofleiers saam met die geld.

KLEREBANK - ME ALTA DU TOIT

Die klerebank funksioneer steeds maar op 'n ander manier tydens Covid 19. Ons het baie skoolhemde en blou kortbroeke in die stoor sowel as rompies en dogtershemde.

U kan 'n epos aan me Alta Du Toit stuur alta@elsies.co.za en u versoek rig oor die grootte klere wat u verlang. Meld asb. of dit 'n seun of dogter is en ook hul liggaamsbou, bv. kort en breed of lank en maer. Ook hul graad en klasvoog se naam. Dit gee my 'n idee waarna om te soek. Klere sal na u kind se klas geneem word. Pas tuis aan en stuur terug wat dan nie pas nie. Ons wil graag help.

U is welkom om 'n donasie te maak vir die klere wat u neem. U betaal dit onder u kind se naam en van in, verwysing klerebank.

U kan u kind se klere wat te klein is skenk aan die skool mits dit nog in 'n goeie toestand en gewas is. Ek hoor graag van u.

Somersdrag sal infaseer in die eerste week van September. Geen LO drag mag gedra word nie. Die sweetpakke was 'n vergunning vir die winter.

TUINEDAG – ME DU TOIT

Tuinedag val die jaar op 2 Oktober. Ons wil weer in die grond skoffel en ons skool verfraai.

Elke kind word aangemoedig om 'n plant/blommetjies te bring om die aanbreek van lente te vier. Meer inligting sal nader aan die tyd deur gegee word.

PERSOONLIKE HIGIËNE – ME BRITZ

Persoonlike higiëne speel 'n belangrike rol in ons leerlinge se gesondheid. Veral in hierdie tyd is dit baie belangrik om goeie higiëne toe te pas. Ons doen 'n beroep op u as ouer om toe te sien dat dit wel tuis gebeur. Hou asb. leerlinge se naels kort en skoon en plaas asb. weer klem op die metode van handewas.

Leerlinge moet asseblief voldoen aan die voorskrifte wat daar gestel is vir hare en haarstyle. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband. Help ons om ons skool en leerlinge in hierdie tyd skoon en kiemvry te hou.

OPVOEDING – ME GROBLER

KENNERS SE 10 TOPWENKE OM CORONA ANGS HOK TE SLAAN – Huisgenoot

- Bly weg van negatiwiteit en klagtes.
- Doen asemhalingsoefeninge.
- Vind vertroosting in die klein dingetjies.
- Help ander in nood waar jy kan.
- Bestuur jou vrees deur die "F-E-A-R" beginsel toe te pas (Feite, Emosie, Aksie, Realiteit – Wat is die feite en watter daarvan is binne my beheer, watse emosie ervaar ek, watse aksie kan ek neem en sal dit my realiteit anders laat lyk)
- Sluk woorde van kritiek.
- Hou jou gewone roetine
- Skep 'n halfuur stiltetyd vir almal.
- Beperk jou blootstelling aan skoknuus.

DANKBAARHEID

- Dankie aan al ons ouers wat ons altyd ondersteun en positief bly teenoor ons skool!
- Baie dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy liefde en genade!

Spreuke 20: 29

Die trots van jongmanne lê in hulle krag; Die versiering van oumense is hulle grysheid.

Elsiegroete

W F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Herregistrasie 2021

NB!! vorms moet voor/op 28 Augustus 2020 ingehandig wees om u kind se plek te verseker vir 2021

Ek ouer/voog _____ *ID* _____
(Volle name en ID nommer van ouer) herregistreer die volgende leerlinge by Laerskool Elspark:

Leerling se Naam	*Leerling ID no.*	*Huidige gr (2020)*
1.		
2.		
3.		
4.		

Kontak nommer: _____ *Epos:* _____

Nommer vir SMS stelsel: _____ *Handtekening:* _____